


DEUR-

In dié les leer julle hoe om
deurstikwerk op gebreide
materiaal en handsakke te
doen



DIAGRAM



STIKWERK (Slot)



RONDE SKOUERSAK



GROOT SAK

DEURSTIKWERK lyk baie mooi op breiwerk. Brei 'n kledingstuk of koop 'n gebreide kledingstuk en versier dit met deurstikwerk deur te werk te gaan soos ons hier sal verduidelik.

Ons het in les 2 verduidelik hoe die werk gedoen word en noem nou net weer wat julle min of meer sal nodig kry: ruitjiespapier met blokkies van 2 cm; potlood om ontwerpe op ruitjiespapier te vergroot; kleremakerskrytpoeier, speld en vlugtige vloeistof om die ontwerp op die kledingstuk oor te dra; materiaal wat geskik is om die agterkant van die motief te verstewig; sygaring om die buitelyne aan die regte kant af te rond, dus dieselfde kleur as die kledingstuk. (Die papier met die ont-

werp daarop geteken kan op die kledingstuk vasgeryg word om met die hand gewerk te word, indien verkies, dan is die kleremakerskryt ens. natuurlik nie nodig nie.)

Gaan nou só te werk: werk die ruitjiespapier met die motief bo, in posisie aan die kledingstuk vas of dra die motief met poeierstippels oor soos in les 2 verduidelik. Borduur nou die buitelyne van die ontwerp op die kledingstuk en sorg dat jou steke deur die papier, die breiwerk, die vulling en die rugmateriaal gaan. Wanneer die ontwerp voltooi is, word die buitelyne weer met sygaring en agtersteek oorgewerk. Sorg dat die steke weer deur al drie lae dring en trek die steke styf sodat die vulling ten beste sal vertoon.

Wanneer die borduurwerk voltooi is, moet die papier verwyder word en die blomme, steeltjies en blare met wol of breigaring van dieselfde kleur, dubbel gebruik, gevul word.

RONDE SKOUERSAK

BENODIGDHEDE: 40 cm gekoopte, deurgestikte materiaal van 90 cm breed; ritssluiters van 18 cm lank; sykoord met tassels aan weerskante; lineaal, potlood en bruin papier om patroon te vergroot.

AANWYSINGS: Trek blokkies van 5 cm op bruin papier en vergroot die diagram.

DEURSTIK- WERK

VAN BLADSY 109

Knip die pante uit papier en speld op materiaal vas. Knip uit. Knip die opening vir ritssluiters in invoegstuk en stik die ritssluiters in posisie vas.

Stik kort kante van invoegstuk met regte kante opmekaar. Speld en ryg daarna die twee ronde pante van sak met regte kante teen regte kant van invoegstuk vas. Stik vas. Dop na regte kant om.

Stik 'n bostiksel, so na aan die rand as moontlik rondom.

Heg koord aan middel van invoegstuk vas 6 cm weerskante vanaf ritssluiters en stik vas.

GROOT SAK

BENODIGDHEDE: 2 m deurgestikte materiaal van 90 cm breed; 3,30 m soomband van 4 cm breed; ritssluiters van 46 cm; potlood, lineaal en bruin papier om patroon te vergroot.

AANWYSINGS: Trek blokkies van 5 cm op bruin papier en vergroot patroon op diagram. Knip papierpatroon uit en

speld op dubbelgevoude materiaal vas, uitgelê soos op diagram.

Knip pante uit materiaal.

Plaas eindpunte van band 3 cm oormekaar en stik vas. Vou die hoofpant van sak oop en plaas band in posisie op materiaal (raadpleeg diagram A.)

Stik rande van band met bostiksel in posisie vas oor hoofpant van A tot B (raadpleeg diagram A.)

Stik c-d op c-d en e-f op e-f vas met regte kante opmekaar. Plaas ritssluiters in posisie in opening van 46 cm tussen nate. Stik ritssluiters vas.

Speld en ryg ronde insetsels aan weerskante van sak in posisie vas en stik vas. Dop sak na regte kant om.

Kafeïenvry Ricoffy.

Jy kan enige tyd van die dag of nag net soveel koppies koffie drink as wat jy wil. Kafeïenvry Ricoffy het al die vars-geperkoleerde koffiesmaak sonder die kafeïen. Koppie na koppie na koppie.

Al die koffiesmaak sonder die kafeïen.

Kniplvne

Patroonriglyne

1 blokkie = 5 cm | | |
-materiaal word enkel gebruik




DIAGRAM:
RONDE SAK

DEURSTIKWERK





DIAGRAM: GROOT SAK

Vou van materiaal
Plaas op vou



BABY'S DELIGHT

'N GESONDE BABA IS 'N GELUKKIGE BABA



U kan ook u baba op die gesondste en mees higiëniese manier versorg! Baby Delight bied 'n lonende, dinamiese reeks van babasorgprodukte wat hulle doeltreffend ontwerp het om te voldoen aan die vereistes van ons hoogs gesofistikeerde en tegnologiese wêreld.

As u die soort moeder is wat altyd net die beste vir haar baba verlang, kan u gerus hierdie opwindende produkte beproef. Hulle is beskikbaar teen hoogs mededingende pryse wat elke sak pas.

Baby Delight spog met 'n baie doeltreffende kinderbottel met drie tepels met wisselende vloeisterkte om u baba se besondere behoeftes te pas. Die ontwerp van die bottel verseker maksimum higiëne vir u baba. En dis nie al nie . . . die kinderbekers

en-borde is beplan om 'n gelukkiger, gesonder lewe vir sowel u as u baba te verseker. En moenie vergeet nie, moeders: ons Sjampoe, Vloei-huidmid-del, Seep en Skuimbadmiddels is nie uitsluitlik vir babas nie . . . u sal hulle ook met genot kan gebruik!

**MOENIE ONS OPWINDENDE SPECIALE AANBOD VAN 'N
GRATIS TEPEL EN KATALOGUS MISLOOP NIE.
DERDESTRAAT 60, BOOYSENS**

Stuur aan:

BABY'S DELIGHT, Posbus 38646, Booyens 2016

NAAM

ADRES

R/R 24/3/82